Tema: Ware geloof is dankbare volharding in die Here.

Vooraf sang
Lied 203: 1, 2, 5 en Lied 200: 1, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 190: 1
Votum
Groetseën
Loflied: Psalm 1-1: 1, 2, 3
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: 2 Kronieke 16
Teks: 2 Kronieke 15: 2 en 16: 9
Woordbediening
Sing Ps 1-1: 4

Antwoorddiens
Liefdegawe
Bevestiging van ouderling;
Sing Ps 134-4: 3
Seën: Sing Ps 134-1: 4.

Geliefde brs. en srs.

Die swakheid en feilbaarheid van die mens is ʼn harde werklikheid waarmee elkeen van ons in ons lewe te doen kry. Dit is onbegryplik dat koning Asa wat sy hele lewe by die Here gebly het en op God vertrou het, aan die einde van sy lewe so ver van die Here geëindig het! Dat hy wat met soveel ywer en toewyding die Here gedien het en die volk weer na die Here toe gelei het, so maklik koers kon verloor.

Dit is onverstaanbaar dat iemand wat die mag van die Here in ʼn krisissituasie gesien het en beleef het hoe God ʼn oormag eiehandig oorwin, in een oomblik kan besluit dat God nie meer goed genoeg is nie! Jy verstaan nie hoe Asa, na die boodskap van Asarja, met soveel geloof kon reageer en hom aan die Here toewy nie en met die volgende profeet wat die Here na hom stuur, vererg hy hom vir die Here en gooi die profeet in die tronk!

Wat het skeef geloop? Asa het sy fokus verloor, sy innerlike oortuiging het hom verlaat en sy dade het dit getoon!

Daarom geliefdes, wil die Here ons vanaand – nadat ons vanmore die tekens van brood en wyn gesien en daaraan gedeel het – leer dat ware geloof behels dat jy dankbaar moet volhard om in die Here te bly! Dat jou hart nie verdeeld moet raak en jy jou fokus op God verloor nie!

Asa het sy so goed begin en sy eerste groot krisis as koning baie goed hanteer! Die Here het ook sy belofte dat Hy by Asa sal bly, gestand gedoen. Daar was rus en vrede en Asa kon Juda opbou en versterk.

Asa het egter koers verloor met die tweede groot krisis in sy koningskap. Die nuwe koning van die 10 stamme van Israel in die noorde het ʼn nuwe koning gekry naamlik Baesa. Hy was baie jaloers op die sukses en seën van Asa en het besluit om Asa onder druk te plaas deur die stad Rama ʼn sterk militêre vesting te maak en so Juda se pad na die noorde af te sny! Rama was sommer digby Jerusalem en die sterk militêre teenwoordigheid van Baesa het die lewe vir Asa en Juda baie moeilik gemaak.

En Asa se reaksie is verstommend! In plaas daarvan om op die Here te fokus en God te vertrou om weer hierdie krisis op te los, begewe Asa hom in die politieke en militêre magspel van sy tyd! Want Baesa het ʼn ooreenkoms gehad met Ben-Hadad van die Arameërs in Damaskus nog verder noord van Israel. Die Arameërs was ou aardsvyande van Juda en die goddelose maar sterk koning Ben-Hadad het Baesa se rug in die noorde beskerm sodat hy met sy operasie teen Juda kan aangaan.

Wat doen Asa! Hy neem van die paleisskatte en van die tempelskatte en stuur dit as ʼn omkoop geskenk aan Ben-Hadad met die versoek dat Ben-Hadad sy ooreenkoms met Baesa moet verbreek en met Asa ʼn ooreenkoms moet aangaan om hom te help. Ben-Hadad dink nie een oomblik nie want die geld het gepraat en hy val sy ou vennoot Baesa aan sodat die moet omdraai om sy belange te gaan verdedig en so vir Asa en Juda die

geleentheid te gee om hulleself te beskerm! En so gebeur dit dat Asa sy vertroue op geld en ʼn ongelowige koning stel.

Met sy fokus op geld en mense loop Asa se pad al hoe verder weg van die Here. Sy innerlike toewyding het getaan en dit verander in ʼn aggressie teenoor die Here. Die Here stuur die profeet Ganani om Asa op sy fout te gaan wys en hom terug te bring na die Here toe, maar Asa vererg hom vir die Here en gooi die profeet in die tronk! Hy wil nie meer na die Woord van die Here luister nie! Nou gaan dit nie meer oor toewyding aan God nie, maar sy eie belange!

Het hy maar soos Dawid gereageer toe die profeet hom tereg gewys het na sy moord en owerspel en met berou na die Here teruggekeer, sou daar genade gewees het. Maar Asa verhard. Sy innerlike gesindheid word geopenbaar in dade wat toon dat hy al hoe verder van die Here begin leef het! Hy het begin om sommige lede van die volk sleg te behandel.

Brs. en srs., Asa moes ook saamleef met die verskriklike gevolge van sy verkeerde keuse en fokus. Vir die res van sy koningskap sou hy die een oorlog na die ander voer om in beheer te bly. As jy jou rug op die Here draai sal jy afstand van die Here beleef!

Dit blyk ook dat hoe ouer hy geword het, hoe verder het van die Here geleef! Toe hy in sy ouderdom ʼn siekte aan sy voete ontwikkel wou hy nie die Here se hulp vra nie, maar eerder dokters se hulp. Het hy maar soos koning Hiskia in sy siekte tot die Here gebid sou daar vir Hom genade wees!

Brs. en srs., hoe verstaan ons die verloop van Asa se lewe? Hoe verklaar ons dit sake so maklik kon skeefloop in hierdie mooi gelowige se lewe? Voor ons Asa so maklik veroordeel moet ons erken: eintlik verstaan ons dit goed! Want as ons eerlik is – sien ons dit ook in ons eie lewe raak! Hoe maklik kan ek nie my fokus op en my vertroue in die Here verloor nie, Hoe maklik kan ek nie op myself en my eie belange begin fokus nie! Hoe maklik verloor ek my innerlike gesindheid van liefde en toewyding aan die Here en word my binneste gevul met allerhande negatiewe emosies en dryfkragte!

Hoe dikwels moet ons nie ook al die negatiewe gevolge van ons sonde beleef nie! Dat ek willens en wetens verkeerde keuses maak en dan die gevolge daarvan moet dra! Ja, eintlik ken ons die pad goed!

Geliefdes, die Here wil ons vanaand juis weer teen die pad waarsku! Hy wil ons herinner dat ware geloof ʼn dankbare lewe is wat volhard om by die Here te bly! As ons waarlik dankbaar wil leef teenoor die Here, ook vir die wat ons vanmore in die Nagmaal kon beleef, dan moet ons volhard om by die Here te bly! Dan moet nie so maklik koers verloor soos Asa nie!

Om hierdie rede, geliefde br. en sr., is God getrou! Die Here maak in hf. 16: 9 ʼn wonderlike uitspraak! Daar staan: “Die Here het sy oë oral op die aarde sodat Hy die kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou!” Die 1933 vertaling stel dit nog beter: “Die Here se oë

deurloop die hele aarde om diegene kragtig te ondersteun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is". God se genade is so groot dat Hy die aarde as't ware deurkruis op soek na die wat op Hom vertrou sodat Hy hulle kragtig kan ondersteun!"

Ons sien hierin die genadeoptrede van God in Jesus Christus! Dat Hy die Here Jesus na die aarde stuur om swak en sondaar mense – maar mense wat op die Here vertrou – kragtig te ondersteun. Die Here Jesus het juis vir ons swakheid betaal – maar meer nog – Hy het ons sy Gees gegee. Nou kan ons volhard! Ons kan teen ons eie sondige natuur veg en ons kan die regte keuses maak! Keuses om in krisisse op niks of niemand anders, as op die Here te vertrou nie! En weer is die Here se belofte hier van krag: as jy by my bly, sal ek by jou bly!

Ja, dit is die blye evangelie, die genadedaad van die Here – dat Hy ons kom soek, in Christus ons kom bekragtig sodat ons geloof stand kan hou! Dat ons kan volhard om by Hom te bly! Nie uit eie krag nie – maar deur die krag van die Heilige Gees.

Geliefde br. en sr., hoe betoon ons dan ons dankbaarheid teenoor die Here vir al sy genade? Deur volhardend by Hom te bly! Die Skrif leer ons ook dat God geduld in Christus geduld met ons swakheid het en as ons ons fokus verloor en Hy roep ons terug – kom ons luister na Hom en verhard nie ons harte nie! Want daar is altyd weer genade by God te vind. Daarvan is Dawid, Petrus en Paulus en sovele gelowiges die getuies.

Die geskiedenis van Asa eindig tragies. Mag ons deur die genade van God dan eerder 'n pad loop wat ons al hoe nader na God te neem en ons eintlik in die Wederkoms vir ewig by Hom laat bly.

Amen